

# Sondag 21 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 116

Fokusgedeelte: Psalm 116:15

## **Sy gunsgenote is verseker van die ewige lewe**

'n Aangrypende belydenis: Ek het die Here lief. Hoekom? Dit gaan oor ellende, verlossing en dankbaarheid (vgl. Heidelbergse Kategismus).

- *Ellende* (vs 1-4) – Dit is nie vreemd vir die gelowige om stryd in sy/haar lewe te ervaar nie. Die kind van God ondervind die aanvegtinge van Satan wat ons wil wysmaak dat ons sondes te veel is. Daarom roep vers 4: “Here, red my tog!” Die diepste van die mens se ellende is dat die dood oor hom mag gekry het deur die sondeval.
- *Verlossing* (vs 5-11) – Die HERE red uit die dood. Hy maak 'n einde aan al my tranes. Israel getuig by die paasfees van die redding uit die slawerny, maar as Christus op die paasfees brood neem en die beker wyn, en Hy die nagmaal instel, kry die redding eers werklik betekenis. Wanneer Jesus en sy dissipels dan ook hierdie psalm aan die nagmaaltafel sing, getuig dit van die Messias wat gekom het en die volle prys sal betaal.
- *Dankbaarheid* (vs 12-19) – “Kosbaar is in die oë van die HERE die dood van sy gunsgenote. Gunsgenote in hierdie deel van die psalm is nie mense wat iets verdien het nie. “Gunsgenoot” beteken om te deel in God se genade en liefde, versorging en beskerming. Ons is alleen gunsgenote deur die kruis van Jesus Christus. Dit is hoe kosbaar die HERE sy gunsgenote ag dat Hy sy enige Seun gestuur het om ons sondes op hom te neem.

Onthou: Christus het die dood oorwin, opgestaan. En deur die werking van die Heilige Gees deel ons in die opstanding van Christus tot 'n nuwe lewe. Elke gelowige het die heerlike troos van ons salige opstanding. Dit is daarom dat nie net die psalmdigter nie, maar ook ons vandag kan bely: Ek het die HERE lief! Maar ons moet elke dag ook vra: “Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld?”

*Sing: Psalm 116-1:7, 10*

*Ds. PA Coetzee (Peet) (Emeritus)*